

## Hoe word ek 'n skaap?

[Verbond met Abraham (2) – Sluiting van die Verbond – Genesis 15:1-21]


Ons het in die vorige artikel ([Artikel “Daar is net twee groepe mense: Skape en Bokke”](#)) geleer dat daar net twee groepe mense is: skape en bokke. Die vraag wat nou ontstaan is: Hoe word ek 'n skaap? Hiervoor kyk ons verder na die geskiedenis van Abram.

Heelwat tyd verloop vandat God die eerste keer aan Abram verskyn en die beloftes aan hom gemaak het dat hy die beloofde land sal ontvang, 'n groot nageslag sal hê, en dat Hy sy God sal wees.

Abram woon nou al in Kanaän. Op 'n dag verskyn God in 'n gesig aan hom, en gee hom opnuut die versekering dat Hy sy beskerming sal wees. Daar is egter twee sake wat Abram kwel, en hy gryp die geleentheid aan om hulle voor God te bring:

- Abram worstel met God se belofte van 'n groot nageslag, veral omdat hy steeds kinderloos is en reeds gevorderd in jare. Hy suggereer daarom teenoor God dat een van sy slawe maar sy erfgenaam sal moet wees. Hierop reageer God baie ferm: “*Daardie een sal nie jou nageslag wees nie. Een wat jou eie nasaat is, hy sal jou erfgenaam wees*”. En om Abram se geloof in hierdie belofte te versterk, wys die Here vir hom die sterre in die hemel – en verseker hom dis hoe groot sy nageslag sal wees!

Genesis 15:6 beskryf Abram en God se reaksie hierop: “*En hy (Abram) het in die Here geglo, en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken*” (Ou Afrikaanse vertaling). Hierdie vers is krities belangrik: dit gee 'n fundamentele beginsel in God se verlossingsplan vir sondaars. Alle mense, insluitend Abram, staan skuldig voor God a.g.v. hulle sonde. Hulle het almal nood aan geregtigheid (d.i. die verhouding tussen hulle en God moet weer **reg** gemaak word, hulle moet **gereg**verdig word, hulle moet **gereg**tigheid verkry). Die beginsel waarvolgens Abram geregtigheid ontvang, is deurdat hy God se belofte **glo**. Hierdie beginsel word in detail in die Bybel uitgewerk. Kyk na Romeine 3:21-22: “*Maar nou het die vryspraak (letterlik: geregtigheid) deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak (geregtigheid) wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo.*” Abram het God se beloftes **geglo**, en so het hy geregtigheid verkry.



Netso het ons vandag God se belofte dat Jesus die Verlosser is, en almal wat in Hom **glo**, verkry ook geregtigheid deur hierdie geloof.

Let verder op: As Abram glo, **reken** God Abram geregtigheid **toe**, oftewel Hy **gee** dit vir hom. Abram het dit nie verdien nie, al wat hy gedoen het, was om te glo. So leer Romeine 3 ook dat ons nie ons geregtigheid kan verdien deur die wet te onderhou nie, maar God **gee** dit vir almal wat in Jesus Christus glo.

- Die ander saak wat Abram kwel is of hy werklik die beloofde land, Kanaän, waar hy nou woon, sal besit. God antwoord deur formeel 'n verbond, of ooreenkoms, met Abram te sluit.

Bo en behalwe die verantwoordelikhede van beide partye, het die verbonde van destyds ook bepalings ingesluit oor die gevolge van ontrou aan hierdie verantwoordelikhede. In God se verbond met Abram is God se verantwoordelikhede duidelik: Hy moet vir Abram die land en 'n groot nageslag gee en Hy moet Abram se God wees. Abram se verantwoordelikheid is om dit te glo, en om hierdie geloof te demonstreer deur gehoorsaamheid aan God. As Abram nou vir God vra hoe hy seker kan wees dat sy nageslag wel eendag die land sal besit, antwoord God deur aan te dui wat met **Hom** sal gebeur as **Hy** dit nie laat realiseer nie.

Abram moes verskeie diere gaan haal, hulle middeldeur sny, en die twee dele teenoor mekaar neersit. Teen sonder, terwyl Abram aan die slaap is, beweeg 'n rokende fakkel en oond tussen die stukke vleis deur. Die rokende fakkel en oond is simbole wat God verteenwoordig, en die boodskap aan Abram is dat God self alles sal doen wat nodig is om hierdie beloftes te laat realiseer. Indien God dit nie doen nie, sal dieselfde straf God tref as wat die opgesnyde diere getref het. Abram het geen rol om seker te maak dat die beloftes sal realiseer nie (hy was aan die slaap) – al die verantwoordelikheid lê by God! Al dui God aan dat die vervulling van hierdie belofte 'n wyle sal duur, kan Abram absoluut oortuig wees dit sal gebeur. Daarvoor sal God sorg.

In die vorige artikel oor die verbond met Abram, het ons gesien dat God onderskeid maak tussen die ware nageslag van Abram en die res van die mensdom. In hierdie artikel het ons gesien dat God absoluut verbind is daartoe dat die ware nageslag van Abram wel weer geregtigheid voor God sal verkry. Dit is dus God wat bewerk dat spesifieke mense skape word. Die beginsels waarvolgens God dit laat realiseer, is:

- God neem die inisiatief. Hy roep vir Abram. Die proses begin nie met Abram wat God soek nie, maar God wat Abram roep. Netso roep God die skape.
- God maak beloftes aan Abram – 'n land, 'n groot nageslag en God as sy God. Dit vorm belangrike boustene vir die oprig van God se koninkryk. Netso maak God beloftes aan die skape.

- Abram glo die beloftes van God, en dit het tot gevolg dat Abram meer ontvang as bloot die vervulling van die beloftes – God gee vir hom geregtigheid. Netso verkry die skape ook geregtigheid deurdat hulle in Jesus Christus glo as die enigste Verlosser.
- God neem volle verantwoordelikheid vir die realisering van die beloftes wat deel is van sy verlossingsplan vir die skape.